eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

AFRIKAANS HUISTAAL V2 MEMORANDUM

PUNTE: **80**

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

NASIENRIGLYNE

- As ’n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
- As ’n kandidaat in Afdeling A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte se vrae nagesien.
- As ’n kandidaat in Afdeling B en C twee konteksvrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geïgnoreer**. As ’n kandidaat al vier die vrae in Afdeling B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien mits een konteksvraag en een opstelvraag beantwoord is.
- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer.**
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom/haar self gepenaliseer het. As die opstel te lank is, laat ’n oorskryding van ’n maksimum van 50 woorde toe en **ignoreer die res van die opstel**.
- Konteksvrae: As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word **nie gepenaliseer nie**.

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

AFDELING A: GEDIGTE

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE** nagesien.

Inhoud

Kode 7 7 gemotiveerde feite
Kode 6 6 gemotiveerde feite
Kode 5 5 gemotiveerde feite
Kode 4 4 gemotiveerde feite
Kode 3 3 gemotiveerde feite
Kode 2 2 gemotiveerde feite
Kode 1 1 gemotiveerde feit

Taal en styl:
Beoordeel volgens die rubriek.

LET WEL:
- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in die opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf
- Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv. Sonsverduistering se uiterlike bou is ’n bewys van die feit dat dit ’n sonnet is.

Uiterlike bou. (1 feit)
- Die gedig bestaan uit ’n oktaaf/8 versreëls en ’n sestet/6 versreëls
- In die oktaaf is daar omarmende rym/abba cddc en in die sestet kruisrym/efgefg

Innerlike bou se aansluiting. (2 feite)
- In die oktaaf kry ons die natuurbeeld
- In die sestet kry ons die toepassing op die mens (mensbeelding)/
- In die strofes met omarmende rym, word die sonverduistering bespreek.
- In die strofes met die kruisrym word die toepassing op die mens gemaak.

Ooreenkoms oktaaf en sestet. (3 gemotiveerde feite)
- r.2 – skadu teenoor r.9 skaduwee (nie meer letterlik nie)
- r.3 – son teenoor r.10 “alle lig” God en Christus
- r.4 – skemerte teenoor r.11 verduister
- r.6 – kortste pad teenoor r.11 Sy pad
- r.7 – stalwaarts teenoor r.14 Huiswaarts

Funksionaliteit van hierdie ooreenkomste. (1 gemotiveerde feit)
- Dit is funksioneel.
- Dit beklemtoon die dwaasheid van die mens om nie betyds tot God te keer nie.

Slot
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste slot, bv. die ooreenkoms tussen die sestet en die oktaaf is funksioneel.

[10]

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

OF

VRAAG 2: KONTEKSVRAAG

2.1	Die titel dui op 'n sekere soort kennis van water en die gedig handel oor die vernietigende effek van water. √		(1)
2.2	"skeef gearseer" √		(1)
2.3	2.3.1	Angstig/Bangheid √	(1)
	2.3.2	Die b-alliterasie/Die ui-assonansie √	(1)
2.4	2.4.1	Hy wou die haas waarmee die mense van die water probeer wegkom, beklemtoon. √	(1)
	2.4.2	Dit dui op die verskillende stemme/toonhoogtes van die mense se noodkrete. √	(1)
2.5	Die leser ervaar dit as uiters ontstellend, want die krete van die mense hou lank aan/stop nie/is skynbaar nimmereindigend √		(1)
2.6	Die mense is geskok; hulle voel magteloos en ontredderd. √		(1)
2.7	Nee, beide dui daarop dat die aksie voortgaan. √		(1)
2.8	Dit wat gebeur is afgryslik en die woorde suggereer dat die drywende lyke afgryslik is om te aanskou./ Dit wat gebeur is onmoontlik om regtig aan iemand oor te dra en die woorde dui op sy magteloosheid om die ellende van die gestorwenes aan die leser oor te dra. √		(1)

[10]

OF

VRAAG 3: KONTEKSVRAAG

3.1	Dit beklemtoon die dromerige stemming./ Die s-alliterasie dra by tot die dromerige stemming. √		(1)
3.2	D / "dan gryp die onwerklikheid ons" √		(1)
3.3	3.3.1	Metafoor √	(1)
	3.3.2	Dit laat ons in gedagtes verlore raak./ Alles versink in 'n wasige droomwêreld. √	(1)
3.4	Surrey en Delft roep **die illusie** van ou beskawings op – 'n beeld van 'n rustige bestaan, nl. die dromerige onwerklike **romantiek** van Surrey en die valse **rustige** beelde van Delft. √√		(2)
3.5	Die Afrika-wêreld. √		(1)
3.6	Dit is geslaagd, want die miere se geskarrel lyk net soos 'n rukwind. √ **OF** Dit is nie geslaagd nie, want daar is geen ooreenkoms tussen dit wat met mekaar vergelyk word nie. √		(1)
3.7	Die nuus uit die binneland is dat die natuurelemente (soos die bergwind, miershoop, droogte, brand) die binnelander laat besef hy in Afrika is. √		(1)
3.8	Dit lig duidelik die verskil tussen Afrika en Europa uit./ Dit illustreer duidelik die hardheid/onvoorspelbaarheid van Afrika. √		(1)

[10]

OF

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 4: KONTEKSVRAAG

4.1	Die gewese geliefde √		(1)
4.2	Die maan word met romanse geassosieer en die maanlanding was as 'n onmoontlike gesien, net so het die spreker gedink 'n gebroke verhouding was vir haar 'n onmoontlike. √		(1)
4.3	Die parentese √ en die ellips. √		(2)
4.4	4.4.1	Die maan is nie 'n planeet nie. √	(1)
	4.4.2	Dit beklemtoon die feit dat sy haar misgis het met die liefde. √	(1)
4.5	Soos die maankors bewysstukke is van die besoek aan die maan, is haar foto's 'n bewys van hierdie gewese verhouding. √		(1)
4.6	Dit kan haar wegneem van die seer van die gebroke verhouding./ Net soos jy deur 'n lugskip van glas kan sien, net so kan jy aan haar poësie haar seer sien. √		(1)
4.7	*na maande* √		(1)
4.8	Die langerwordende versreëls in strofe 2 en 3 laat die gedig soos 'n ruimtetuig lyk. √		(1)

[10]

EN

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE** nagesien.

LET WEL:
- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inhoud

Kode 7 7 gemotiveerde feite
Kode 6 6 gemotiveerde feite
Kode 5 5 gemotiveerde feite
Kode 4 4 gemotiveerde feite
Kode 3 3 gemotiveerde feite
Kode 2 2 gemotiveerde feite
Kode 1 1 gemotiveerde feit

Taal en styl:
Beoordeel volgens die rubriek.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

Inleidingsparagraaf
- Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv. die digter dwing die leser om anders na die donkie te kyk.

Verkeerde opvattings oor donkies. (3 feite)
- Die donkie word tradisioneel as dom gesien en geminag.
- Die digter wil hê dat ons anders daaroor sal dink, want dit is juis die donkie wat Christus gewillig en gehoorsaam in Jerusalem ingedra het.
- Daarom moet die donkie geag word.

Hoe die gebruik van alliterasie, idiomatiese taalgebruik en intertekstualiteit die teendeel bewys. (3 gemotiveerde feite)
- Die d-alliterasie beklemtoon die donkie en stel dit teenoor die perde. So word mense teenoor Jesus gestel. Die alliterasie beklemtoon en kontrasteer en is daarom funksioneel.
- Die digter gebruik idiomatiese taal, bv. "man en muis" moet hulde aan die donkie bring. Dit wil sê almal.
- Hy sluit af deur intertekstueel na 'n Afrikaanse liedjie te verwys wat bevestig dat die donkie eintlik 'n wonderlike dier is.

'n Ander siening oor die donkie. (1 gemotiveerde feit)
- Ek het ook nog altyd gedink 'n donkie is dom, maar noudat die alliterasie die donkie teenoor die perde stel, sien ek dat die donkie nog beter is as perde./maar nou dat ek die idioom weer bestudeer, besef ek die donkie moet eintlik geag word.

Slot
- Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. die digter het my beslis anders na die donkie laat kyk.

[10]

OF

VRAAG 6: KONTEKSVRAAG

Om te dink – Henning Pieterse

6.1	**d**at **d**onkies **d**om **d**iere is/**d**wase **d**ikwels/**p**ronk met **p**erdebloed √ **d**oop hul **d**onkies/**d**arem **d**eur	(1)
6.2	Dit beklemtoom hoe dom die donkies is.	(1)
6.3	Ja, esels het ook perdebloed./ Nee, hoëlui noem net hul donkies esels om voor te gee. √√ *Die motivering bepaal die punt, 2 of 0.* *Die ja/nee kan ook impliseer word om korrek te wees.*	(2)
6.4	Die esels spog met perdebloed, maar die kruising maak hul nog minder opreg./ Die donkies het 'n suiwerder bloedlyn, maar word geminimaliseer. √	(1)
6.5	*dan* √	(1)
6.6	Ja, die woorde beklemtoon/dien as steunpunte/vertraag die tempo om die donkie se gehoorsaamheid/gewilligheid aan te toon. Dit dui aan dat die fout nie by die donkie lê nie; hy is gehoorsaam aan God. √√	(2)
6.7	Almal moet die donkie eer. √	(1)
6.8	*o die donkie is 'n wonderlike ding.* √	(1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:
- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.
Johanna, Iris se ma en Bettie het ’n definitiewe vormende invloed op Iris se lewe gehad.

Die manier waarop elkeen Iris se lewe verryk het, te noem. (3 feite)
- Johanna se nugterheid het Iris se lewe verryk.
- Iris se Ma se uniekheid het ’n vormende invloed op Iris.
- Bettie se uniekheid en tog ook soms haar nugterheid het Iris se lewe beïnvloed.

Bewyse van hierdie maniere te gee. (3 feite)
- **Johanna** is georganiseerd. Sy is die een wat weet waar die sleutels in die huis is/sy is die een wat die huishouding behartig.
- Sy is reguit. Sy huiwer nie om Elsa oor haar katoenonderklere aan te spreek nie.
- Sy is altyd opgeruimd.
- Sy is wel ter tale. Sy kommunikeer met almal, selfs vreemdes bv. Claude, ewe maklik.

- **Iris se ma** is uniek. Sy laat Iris haar tande met as borsel./Ten spyte van Iris se versoek dat hul Riekie se besoeke tydens eksamentyd moet stopsit, ignoreer Ma dit./sy laat toe dat Peter en Iris gaan swem sonder klere./Sy aanvaar vir Johanna en Claude./Sy leef in ’n wêreld van haar eie.
- Ten spyte van haar eksentriekheid, is Ma altyd daar vir haar kinders en kleinkinders. Sy brei vir haar kleinkinders truie en help Elsa deur na die kleinkinders te kyk.

- **Bettie** se nugterheid kom na vore wanneer sy ontsteld is oor die modelkontrak wat Iris van die hand gewys het’.
- Bettie se uniekheid word gesien in haar beroep as loodgieter/haar totale afhanklikheid van Brian.
- Bettie het ’n baie swak selfbeeld en sukkel om met Brian se kinders oor die weg te kom.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edunesourceza.com

Die gevolg van hierdie verryking in Iris se lewe te bespreek. (6 gemotiveerde feite)
Die kandidate moet minstens een feit by elke van die karakters noem (3 gemotiveerde feite, terwyl die ander 3 feite by enige karakter aangebied mag word)

- **Johanna** se nugterheid/georganiseerdheid rondom die hantering van 'n huishouding, help Iris om haar eie huishouding te kan hanteer t.s.v. die feit dat sy ook maar in 'n wêreld van haar eie leef.
- Johanna se reguit manier om mense te hanteer, help Iris om die portier in die hotel te kan hanteer en hom op sy swak maniere te wys. Dit lei daartoe dat haar verblyf draagliker is – veral in die tyd sonder Peter.
- Johanna se reguit manier om mense te hanteer, help Iris om haar aanstaande skoonpa se agterdog jeens haar engel te hanteer sonder dat daar konflik tussen hulle ontstaan.
- Johanna se opgeruimdheid leer Iris van blymoedigheid en daarom kon sy t.s.v. moeilike en te neerdrukkende wagtyd op Peter, nog steeds New York geniet/Bettie hanteer en blymoedig bly/die tydperk oor kerstyd in die hospitaal hanteer. Sy laat haar selfs deur die Engel tot ander insigte rondom haar naam bring.
- Johanna se welsprekendheid leer Iris om maklik met mense te kommunikeer. Daarom was sy so 'n aanwins vir dr. Anders se praktyk/raak sy maklik aan die gesels met vreemdelinge soos Billy, die vrou van Tegucigalpa, Joe en die vuurhoutjieman..
- Iris is van jongs af in kontak met Johanna se sterk persoonlikheid. Dit het Iris gehelp om te besef sy kan New York vrou alleen takel.
- Die feit dat **Ma** Iris haar tande met as laat borsel, is 'n bewys van haar uniekheid. Dit bevestig 'n aardsheid en andersheid by Iris. Dit maak ook van Iris 'n interessante wese en laat haar haar lewe anders leef.
- Ma se hantering van Riekie en Peter en Iris se swemsessie wys op 'n volkome vertrouensverhouding. Dit het weer die grondslag vir Iris se verhouding met Peter gelê. Sy het Peter volkome vertrou.
- Ma se aanvaarding van Johanna en Claude as deel van die familie, is heeltemal eksentriek vir die tyd waarin die verhaal afspeel. Dit beïnvloed Iris se siening t.o.v. rasseverskille/afkoms. Daarom is sy baie gemaklik met die verhouding wat tussen haar en Billy ontstaan. So het sy iemand wat haar in New York kan help terwyl sy op Peter wag. Billy lei haar ook na die insig dat 'n naam, maar net 'n naam is.
- Ma se altyd daarwees vir haar kinders en Pa, leer Iris waardevolle vrou-wees lesse. Wanneer Peter dan in 'n ongeluk is met sy oë, weet Iris hoe om hom te ondersteun. Sy kan ook Bettie help met Brian se kinders en die krisis rondom Bettie se gifdrinkery hanteer.
- **Bettie** se nugterheid rondom Iris se modelkontrak, laat Iris weer twyfel oor haar blomtydperk en laat haar besef daar is meer in die lewe. Hierdie voortdurende twyfel oor 'n blomtydperk laat Iris later met die hulp van die Engel tot ander insigte kom.
- Bettie se totale afhanklikheid van Brian en haar swakselfbeeld, laat Iris al hoe sterker na vore tree. So ontwikkel sy tot 'n selfstandige vrou wat die leisels by Bettie oorneem.

Motiveer of hierdie verryking geloofwaardig was. (3 gemotiveerde feite)

- Die invloed van veral Ma en Johanna is definitief geloofwaardig. 'n Mens kan nie by ander mense in 'n huis leef en dan nie beïnvloed word nie. Veral Ma se uitkyk op rasseverskille en die hantering daarvan, moes 'n definitiewe invloed op Iris gehad het.

Slot
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. die drie karakters het 'n definitiewe invloed op Iris se vorming gehad.

[25]

Downloaded from edunesourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

OF

VRAAG 8: KONTEKSVRAAG

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker

8.1	8.1.1	• In die hospitaal/in Vermont √ • Sy dink oor haar toekoms./Sy besin oor haar toekoms. √ • Sy word gedwing om na te dink en sy het tyd om rustig met die Engel te praat. √	(3)
	8.1.2	Sy het hom by haar ouma geërf. √	(1)
	8.1.3	Beskermer/raadgewer/bring haar tot belangrike insigte/geselskap/is deel van haar fantasiewêreld. √	(1)
	8.1.4	Die einde sou definitief beïnvloed gewees het, want dit is die Engel wat Iris tot die insig bring dat daar meer as een blomgeleentheid in jou lewe kan wees. √√	(2)
8.2	8.2.1	• Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller √ • is geslaagd, want dit maak die gebeure meer geloofwaardig dis die beste soort verteller om Iris se emosies (gevoelens) te beskryf/omdat die roman so spesifiek op Iris se gevoels- en fantasiewêreld fokus. √	(2)
8.3	Fantasie/droom √ en werklikheid. √		(2)
8.4	• Iris verkies aanvanklik haar fantasiewêreld, want √ • so kan sy van haar saai bestaan ontsnap. √ • Toe sy Peter ontmoet het, het haar fantasiewêreld oorbevolk geraak. √		(3)
8.5	Bettie meen dat Iris die modelkontrak nie van die hand moes wys nie omdat so 'n kans net een keer in 'n leeftyd voorkom. √		(1)
8.6	Iris glo ook dat mens net een keer in jou leeftyd blom en dit kon haar blomoomblik gewees het. √		(1)
8.7	Ja, want aan die einde van die boek wag sy nog steeds dat die lelie moet oopgaan. *Die motivering bepaal die punt, 2 of 0.* *Die ja/nee kan ook impliseer word om korrek te wees.*		(2)
8.8	8.8.1	Die taxibestuurder in New York. √	(1)
	8.8.2	• Ten spyte van die destydse politieke situasie wat mense op grond van velkleur wou skei √, • het Iris 'n gemaklike verhouding met Billy, die swart taxibestuurder/Iris sien die mens raak en nie die velkleur nie. √ • Die motto sê dat daar humoristies met sekere temas/situasies omgegaan sal word. √	(3)
	8.8.3	• Billy luister na haar √, • terwyl Iris gevoel het niemand in haar gesin luister na haar nie. √	(2)
8.9	Iris se geneigdheid om te fantaseer./Iris soek voortdurend geleentheid om te blom./Iris maak moeilik keuses. √		(1)

[25]

OF

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MANAKA – PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleidingsparagraaf
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv.
Ouma Essie en Grace se geloofsagtergrond en uitlewing daarvan het gevolge vir Baas, die sendelinge en die Khuta ingehou.

Noem wat Ouma Essie en Grace se geloofsagtergrond is. (3 feite)
Die kandidate moet minstens een feit by elke van die karakters noem (2 feite), terwyl die ander feit by enige karakter aangebied mag word.

- Ouma Essie is deur die Kruger sendelingegpaar aangeneem en op ’n Vrystaatse sendingstasie grootgemaak.
- Ouma Essie was die eerste swart meisie wat by die Bybelkollege in Witsieshoek ingeskryf was.
- Ouma Essie ontmoet Joseph Sitali Mulambwa daar, trou met hom en gaan na die Sengagebied vir sendingwerk.
- Grace word deur Ouma Essie op die sendingstasie grootgemaak.
- Grace is diep gelowig en glo dinge gebeur volgens God se wil.

Bewyse te gee van Ouma Essie en Grace se geloofsuitlewing. (3 feite)
Die kandidate moet minstens een feit by elke van die karakters noem (2 feite), terwyl die ander feit by enige karakter aangebied mag word.

- **Ouma Essie** berispe die Khuta omdat hulle nie meer open met gebed nie.
- Omdat Ouma Essie self met haar geloof geworstel het, is sy die een wat ’n antwoord vir Baas op sy vraag rondom Christenskap het.
- Sy begin met die herstelwerk op die sendingstasie, omdat sy God se woord wil versprei.
- **Grace** versorg Baas t.s.v. die feit dat hy haar wegjaag.
- Grace is die persoon wat eerste met Baas oor Christenskap praat.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Aan te dui wat die gevolg van hierdie geloofsuitlewing as tussenganger tussen Baas, die sendelinge, die khuta en versoener tussen kulture was.
(6 gemotiveerde feite)
Die kandidate moet minstens een feit by elke van die karakters noem (2 gemotiveerde feite), terwyl die ander feite by enige karakter aangebied mag word.

- **Ouma Essie** tree telkens as tussenganger tussen Baas en die khuta en Baas en die sendelinge op. So verseker sy kontinuïteit in die uitdra van God se woord en werk.
- Sy gee om vir haar medemens. Ouma Essie duld nie dat die Khuta Grace inloop nie. Hierdeur gee sy aan Grace 'n menswaardigheid./Sy gee vir Baas 'n hondjie in die plek van Brindle. Hierdeur bewys sy aan Baas dat 'n Christen aan sy dade geken word.
- Ouma Essie sorg vir die sendelinge as sy die werk aan die sendingstasie orkestreer. Sy gee dus betekenis aan hul daar wees.
- Omdat ouma Essie Baas se twyfel in God verstaan, is sy die een wat vir hom die duidelikste antwoord op sy vraag het. Baas besef dan later dat Manaka sy roeping is.
- **Grace** besef die onmin tussen Baas en die sendelinge moet opgelos word. Sy spreek Baas hieroor aan en tree as bemiddelaar op. Dit lei daar toe dat Baas hul tog op Manaka verdra.
- Grace wen Baas se vertroue en hy vertel haar van sy droom. Dit is dan ook sy wat hom herinner aan sy droom wanneer hy wil tou opgooi. Sy is dus verantwoordelik vir Baas se aanbly op Manaka.
- Grace verduidelik aan die blankes hoe die Khuta werk en hoe jy veronderstel is om teenoor gesagsdraers op te tree./Sy verduidelik die Lozi-tradisies aan hulle. Dit lei daartoe dat verhoudinge herstel kan word en die khuta die blankes laat aanbly.

Te motiveer of hierdie gevolge geloofwaardig was. (3 gemotiveerde feite)
- Ouma Essie se rol as bemiddelaar tussen Baas en die khuta en Baas en die sendelinge is geloofwaardig. Baas wou nie die sendelinge daar hê nie. Dit sou dus logies wees dat hy hul sou verwilder het, maar Ouma Essie se tussenkoms het dit verhoed.
- Gesien vanuit Ouma Essie se Christenskap is haar optrede teenoor Grace en Baas wanneer sy vir hom die hondjie gee, geloofwaardig. Ouma Essie se Christenskap het baie duidelik in haar optrede na vore gekom.
- Die sendelinge het aanvanklik glad nie gedink dit is hoe die sendingstasie lyk nie en hul het nie geweet waar om te begin nie. Dit sou egter logies wees dat hul maar sou oppak. Ouma Essie wou weer die sendingstasie sien funksioneer en daarom was haar optrede dus geloofwaardig om hul te help om aan die gang te kom.
- Grace is diepgelowig daarom is haar handeling as tussenganger geloofwaardig.

Slot
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. Ouma Essie en Grace se geloofsagtergrond en die uitlewing daarvan het net positiewe gevolge ingehou.

[25]

OF

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 10: KONTEKSVRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

10.1	Sy oupa en hy het honde op Manaka. √		(1)
10.2	10.2.1	• Griesel het in Baas se slaaphut √ • ingebreek. √ • Hy is 'n sendeling wat nie behoort te steel/in te breek nie. √	(3)
	10.2.2	Hy is nie tuis nie, want hy is in die hospitaal (omdat hy ernstig malaria opgedoen het.)/Hy is siek. √	(1)
	10.2.3	Hulle kom hervestig die sendingstasie. √	(1)
	10.2.4	Nee, want hy kry die antwoord by Ouma Essie. √√ *Die motivering bepaal die punt, 2 of 0.* *Die ja/nee kan ook impliseer word om korrek te wees.*	(2)
10.3	• Derdepersoonsverteller is √ • geslaagd, want dit stel die leser in staat om die verhaal objektief te ervaar./om elke karakter se siening te hoor. √		(2)
10.4	10.4.1	Hy het die boot van Mark James gekoop.	(1)
	10.4.2	Hy wil toeriste daarmee op die Zambesi vervoer/Hy wil hulle blootstel aan ongerepte Afrika./Die uiteindelike doel van Baas was om die mense te help. √	(1)
	10.4.3	• Die boot het in die rivier afgespoel, √ • nadat Chisupo dit losgemaak het. √ • Ja, Baas het uiteindelik besef hy hoort op Manaka. √	(3)
10.5	'n Mens se dade verklap of jy 'n Christen is, al dan nie. √		(1)
10.6	Baas gee vir ander om. √		(1)
10.7	Ja, want sy het vir hom die antwoord oor Christenskap gehad. . √ . √ *Die motivering bepaal die punt, 2 of 0.* *Die ja/nee kan ook impliseer word om korrek te wees.*		(2)
10.8	10.8.1	Nanna is bedagsaam/sorgsaam/hulpvaardig/vrygewig/dienend √ Griesel is selfsugtig/gemaksugtig/egoïsties/suinig/ meerderwaardig √	(2)
10.9	10.9.1	Dennis Chipman 1/(noemnaam) Baas 1/oupagrootjie √ (spesifiseer watter Dennis Chipman dit is)	(1)
	10.9.2	• Hy het skoenlappers kom vang (vir die Kanadese staatsmuseum), √ • maar het toe die sendingstasie gestig. √ • Baas aanvaar Christenskap/lees weer Bybel/doen goed aan ander. √	(3)

[25]

OF

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

VATMAAR – AHM Scholtz

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleiding:
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv. in Vatmaar is daar ooreenstemmende manlike en vroulike karakters wat 'n beduidende rol in Vatmaar speel,

Twee ooreenstemmende manlike en vroulike karakters in *Vatmaar* op grond van hulle rolle wat hul in die Vatmaar-nedersetting speel, te noem. (4 feite)

- Ta Vuurmaak en Sus Bet;
- Oom Chai en Tant Wonnie.

Bewyse te gee van ooreenkomste t.o.v. die rol wat hul speel. (2 feite)
Kandidate moet een ooreenkoms tussen Ta Vuurmaak en Sus Bet gee vir 'n punt en een ooreenkoms tussen oom Chai en tant Wonnie vir die ander punt.

- **Ta Vuurmaak** is die een met die meeste kennis van die geskiedenis van die nedersetting.
- Hy dra met sy verhale aan die kinders sy kennis aan die volgende geslagte oor.
- Hy het stene gemaak en aan Vatmaar se mense verkoop.
- **Sus Bet** is ook 'n Griekwa. Sy moedig die seuns aan om Ta Vuurmaak se stories te hoor.
- Sy het khadi gemaak en aan Vatmaar se mense verkoop**.**
- **Oom Chai** neem die leiding in die stigting van Vatmaar/bou van kerk/begin van Skool.
- Hy is in beheer van die inwyding van die kerk en is 'n ouderling.
- **Tant Wonnie** is 'n goeie mens wat (ondanks haar armoede) vir ander omgee en help waar sy kan.
- Sy het Oom Chai gehelp met die totstandkoming van die kerk. Sy het die mense geld laat insamel vir die grond.

Aan te dui wat die gevolge van hierdie karakters se teenwoordigheid op Vatmaar is. (6 gemotiveerde feite)
Die kandidate moet minstens een feit by elke van die karakters noem (2 gemotiveerde feite), terwyl die ander feite by enige karakter aangebied mag word.

- **Ta Vuurmaak** deel 'n universele goedheid mee toe hy aan die jong seuns sê: "Deel met jou broer wat jy het. Dit sal vermenigvuldig terugkom."/
- Hy leer die seuns omtrent die kompleksiteit en ook die eenvoud van die natuur. Hy kweek dus by die jeug respek vir die natuur/

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

- Hy leer die seuns van die Griekwa-kultuur. Sonder Ta Vuurmaak sou die gemeenskap in Vatmaar beslis armer gewees het aan kultuurgoed.
- **Sus Bet** se bemoeienis met die seuns wat na Ta Vuurmaak se stories moet luister, het gesorg dat die Griekwa-kultuur op Vatmaar nie uitsterf nie.
- **Oom Chai** het die dorp met vatmaar-goed begin. Hy verskaf dus 'n heenkome vir talle uitgewekenes.
- Vir Oom Chai was die oprigting van 'n kerk baie belangrik, want hy wou die kinders gedoop sien kom. Dus het hy gesorg dat die gemeenskap die Woord van God bekom/stigting van die skool dat almal kan leer lees.
- **Tant Wonnie** is as't ware die verpersoonliking van liefde. Vatmaar kon aan haar sien wat ware Christenskap was.
- Sy het aan Vatmaar se mense geleer om nie net bakhand te staan en ontvang nie, maar self iets te doen. So kweek sy 'n selftrots by die gemeenskap en samehorigheid.

Te motiveer of hierdie gevolge geloofwaardig is. (3 gemotiveerde feite)
Kandidate kan enige een van hierdie karakters se bydrae beoordeel.

- Die feit dat die Griekwakultuur vandag nog bestaan, is 'n bewys dat dit van geslag tot geslag oorgedra moes word. Dit maak dus 'n karakter soos Ta Vuurmaak en sy bydrae op Vatmaar geloofwaardig.
- Die feit dat daar 'n dorp soos Vatmaar bestaan, is 'n bewys dat daar wel iemand soos oom Chai die leiding moes neem om hierdie dorp tot stand te bring. Daarom is sy bydrae op Vatmaar geloofwaardig.
- Die bestaan van die kerk op Vatmaar is 'n bewys dat daar mense soos oom Chai en Tant Wonnie moes wees. Daarom is hulle bydrae op Vatmaar geloofwaardig.

Slot:
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. hierdie karakters het almal dus 'n sterk ooreenkoms ten opsigte van die rol wat hul in Vatmaar gespeel het.

[25]

OF

VRAAG 12: KONTEKSVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

12.1	• Hulle is op pad na die polisiestasie √, • want hulle word van onwettige besit van diamante verdink. √ • Die onmenslike behandeling, bv. die uittrek van die klere beeld die tema uit. √	(3)
12.2	Hy het diamante (van mnr. Swartz) gesteel./ Hy het diamante (van sy werkgewer) gesteel √	(1)
12.3	Sy het op haar eie die weggesteekte diamante onder die klip probeer steel. √	(1)
12.4	Bet het onder onaangename omstandighede gewerk, √ terwyl Siesie Lena se werkgewer haar goed behandel het. √	(2)
12.5	Dit sou verskil het, want sy sou nie die geld gehad het om van haar werkgewer af weg te gaan nie. Sy sou in armoede bly leef het. √√	(2)
12.6	• Derdepersoonsverteller √ • is geslaagd, want dit stel die leer in staat om die verhaal objektief te ervaar./om elke karakter se siening te hoor. √	(2)

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

12.7	• Siesie Lena moes haar erfgoed gaan haal, √ • en Bet gaan met Oom Flip trou. √		(2)
12.8	• Hulle wou 'n beter lewe lei. √ • Die diamante is uiteindelik (aan mister Hallstone) verkoop en Oom Flip, Bet, Siesie Lena en Janman het elkeen 200 pond gekry. √ • Hulle is onskuldig bevind, want die polisie kon nie die diamante by/aan hulle vind nie. √		(3)
12.9	In die tydperk was daar geweldige vooroordele tussen mense, veral as hul ongeletterd was, en sou die wat die mag gehad het, hierdie mag gebruik het, ongeag die bewyse. √√		(2)
12.10	Hulle het diamante gevat wat nie aan hulle behoort nie en die titel impliseer dat jy maar kan vat. √√		(2)
12.11	12.11.1	Hy was 'n delwer wat 'n diamantkoper geken het. √	(1)
	12.11.2	Hy het hulle geheim aan die polisie verklap. √	(1)
	12.11.3	• Hy het nie 'n verhouding met die groep nie/hy is bereid om die groep uit te lewer. √ • Jakob Kierie wou al die geld vir homself hê/wou dit doen vir eie gewin, √ • maar oom Flip het terwille van 'n beter lewe vir Bet deelgeneem. √	(3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

OF

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis 'n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Dramas het 'n vaste struktuur.

Inleiding:
Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding, bv. elke drama het 'n vaste struktuur van ses fases.

Die fases te noem. (6 feite)

- Die drama bestaan uit die eksposisie/aanloop/bekendstelling/uiteensetting;
- motoriese moment;
- die verwikkeling;
- die krisis;

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

- die klimaks/hoogtepunt/uitbarsting/breekpunt/katarsis/ommekeer van die spanning of konflik en
- die oplossing/ontknoping/afloop/afwikkeling.

Elkeen van hierdie fases met 'n voorbeeld uit die drama toe te lig en te verduidelik waarom die voorbeeld geslaagd is. (6 gemotiveerde feite)

- In die **eksposisie/uiteensetting** word dialoog gebruik om die **karakters** bekend te stel, hulle **verhouding teenoor mekaar** uit te beeld, die **tyd en plek** (ruimte) van die handeling uit te beeld en die **omstandighede/moontlike botsing** aan die gehoor bekend te stel.
- In "*Krismis van Map Jacobs"* word die gehoor ingelig dat **Cavernelis** hard werk om vir sy familie uit die township te kry.
- Die gehoor neem kennis dat **Maud** afgeskeep voel en graag meer aandag van Cavernelis wil hê. Hul kom ook agter dat die Cavernelisse nie meng met die res van die gemeenskap nie.
- Volgens die stelinkleding (dekor en rekwisiete) blyk dit dat die **gemeenskap** arm is en 'n uitsiglose bestaan voer.
- Die eksposisie is funksioneel want dit verseker dat die gehoor die verloop van sake kan volg.
- Die **motoriese moment** is die gebeurtenis wat die handeling aan die gang sit.
- Hier is dit die vraag oor wat Map gaan doen as hy vrygelaat word. Spanning word geskep en hou die leser so betrokke by die drama.
- In die **verwikkeling** bly die gemeenskap bespiegel oor hoe Map gaan reageer as hy vrygelaat word, veral oor die storie van Blanchie en die wit mans. Hierdie bespiegeling sorg dat daar toenemende spanning is.
- Die **krisis** is wanneer Mister Cavernelis selfmoord pleeg.
- Dit bring die spanning tot 'n hoogtepunt, want Blanchie wend haar nou na Map. Nou moet Map besluit hoe hy gaan reageer.
- Die **klimaks** is nou wanneer Map die besluit neem om Blanchie te vergeef, nie wraak te neem nie en voor sy ma in boetedoening neerval.
- Die spanning wat tot nou toe gebou is, word met hierdie besluit nou omgekeer.
- Tydens **die afloop** word alle spanning opgelos wanneer tant Grootmeisie Map Johnie noem.
- Dit dui daarop dat daar heling en vergifnis plaasgevind het.

Kommentaar op die oop slot van die drama te lewer. (3 gemotiveerde feite)

- Dit is 'n oop slot, omdat die leser hier twee afleidings kan maak. Die feit dat tant Grootmeisie haar spraak terug kry, kan dui op vergifnis.
- Map en Blanchie se omhelsing en vergifnis dui daarop dat hul verhouding weer gaan wees soos vantevore.
- Die klank van die saksofoon laat ook daardie idee by die leser.
- Terselfdertyd kan hierdie idee dat als weer soos vantevore gaan wees ook daarop dui dat niks verander het nie.
- Die mense is nog steeds uitgelewer en vasgevang.

Slot

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. in die drama *Krismis van Map Jacobs* is daar dus 'n vaste struktuur met 'n geslaagde oop slot.

[25]

OF

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

VRAAG 14: KONTEKSVRAAG

KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small

14.1	14.1.1	• Maud se woonstel het haar 'n verhewendheid gegee √ • en nou is hulle gekke in die gemeenskap en almal gaan agteraf oor hulle praat en hulle gaan uitlag. √	(2)
	14.1.2	Sy het nooit uit haar woonstel gekom nie en Engels gepraat. √√	(2)
14.2	"Now stop crying sweetheart, crying won't help" √		(1)
14.3	• Blanchie sal 'n modelkontrak in Parys (Frankryk) kry √ • en dit sou beteken hul kon vinniger uit die township. √ • Dit is geloofwaardig, want hy was bereid om sy dogter te gebruik om hul vinniger te help geld maak/hy was bereid om die gemeenskap se gramskap op die hals te haal; net om vinniger geld te maak √		(3)
14.4	Ja. √ Sy sou hulle dan kon dagvaar. √ **OF** Nee. √ Selfs skriftelike kontrakte is nie veel werd as jy met skurke wat jou misbruik deurmekaar is nie. √ (Die geldige motivering bepaal die punt.)		(2)
14.5	'n Mooier meisie √ of 'n nuwe minnares het haar plek ingeneem. √		(2)
14.6	• Sy wou Cavernelis help om so vinnig as moontlik so veel as moontlik geld in die hande kry √ • om uit die township te ontsnap en weg te trek na beter omstandighede. √ • Die gemeenskap het Cavernelisse as hoogmoedig beskou en hul getreiter. √		(3)
14.7	Prostitusie √		(1)
14.8	Hulle was bevrees oor wat Map gaan doen as hy daarvan uitvind. √		(1)
14.9	Blanchie beteken rein/wit en sy is as gevolg van haar "werk" definitief nie meer rein nie. √√		(2)
14.10	Daar was volgens gerugte 'n koerantberig oor Blanchie se toekomstige modelwerk in Parys √./ Die koerant het oor Blanchie geskryf: Top Township girl for Paris? √		(1)
14.11	Maud is self net so skuldig omdat sy ook, soos Cavernelis en Blanchie, uit die township wil wegkom. √ Tommy sê dat sy nie anders as Cavernelis is nie. √		(2)
14.12	• Cavernelis pleeg selfmoord. √ • Dit waarvoor hy so hard gewerk het, realiseer nie en hy laat sy gesin agter sonder enige toekoms. √ • Aan die einde kan tant Grootmeisie praat, omdat Cavernelis ook boete gedoen het. √		(3)
			[25]

OF

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

VRAAG 15: OPSTELVRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- **Dis ’n breë raamwerk van feite.**
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Geen subopskrifte in opstel nie. Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal.
- Vir volpunte by inhoud word die aantal feite by die subopskrif aangedui.

Inleiding:
Die kandidaat voorsien die opstel van ’n gepaste inleiding, bv. elke drama het ’n vaste struktuur van ses fases.

Die fases te noem. (6 feite)

- Die drama bestaan uit die eksposisie/aanloop/bekendstelling/uiteensetting;
- motoriese moment;
- die verwikkeling;
- die krisis;
- die klimaks/hoogtepunt/uitbarsting/breekpunt/katarsis/ommekeer van die spanning of konflik
- en die oplossing/ontknoping/afloop/afwikkeling.

Elkeen van hierdie fases met ’n voorbeeld uit die drama toe te lig en te verduidelik waarom die voorbeeld geslaagd is. (6 gemotiveerde feite)

- In die **eksposisie/uiteensetting** word dialoog gebruik om die **karakters** bekend te stel, hulle **verhouding teenoor mekaar** uit te beeld, die **tyd en plek** (ruimte) van die handeling uit te beeld en die **omstandighede/moontlike botsing** aan die gehoor bekend te stel.
- In “*Mis”* word die gehoor ingelig dat Gabriël reeds vir sewe jaar op die solder woon.
- Die gehoor neem kennis dat Miem baasspelerig/dominerend teenoor Meisie optree en haar beskermer is, dat Meisie se bestaan benouend en ingeperk is.
- Volgens die stelinkleding (dekor en rekwisiete) blyk dit dat hulle arm is en mis verkoop om ’n bestaan te maak. *“Mis”* speel in 1936 na die Depressie af in ’n eng plattelandse gemeenskap.
- Die eksposisie is funksioneel, want dit verseker dat die gehoor die verloop van sake kan volg.
- Die atmosfeer is gespanne oor die “*naderende onheil*” en *bonatuurlike bedreiging* – Miem verwys daarna.
- Gertie se koms verhoog die spanning – sy wil nie alleen wees nie op dié aand –die gesprekke sentreer om die twee vorige verdwynings van Rienie Pieterse en Sannie Koen.
- Miem koppel die verdwynings aan die koms van die sirkus. Die verwysing na die sirkus as euwel vorm die basis van die tema oor beswering (om iets weg te dryf/af te weer) en bevryding (om vry te raak van dit wat beperkend is), asook die ewige stryd tussen die bose (euwels) en die goeie. Die verwysings na die sirkus veroorsaak ook botsing/konflik tussen die Miem en Meisie.

Downloaded from edurresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Die **motoriese moment** is dié gebeurtenis wat die verdere handelinge aan die gang sit (aktiveer).
- In *"Mis"* vorm die "blinde" konstabel se koms die motoriese moment wat die handeling aan die gang sit en die spanningslyn verhoog – die drie vroue het reeds spanning geskep deur hulle dialoog oor die "*naderende onheil*" en verdwynings van Rienie Pieterse (gefrustreerd oor haar ma se ipekonders – siektes) en Sannie Koen (wil ontvlug oor haar pa wat dominerend is).
- In die **verwikkeling/ontwikkeling** word die **handeling verder gevoer**.
- Die situasie word meer gekompliseerd, konflik tussen die opponerende magte óf standpunte is onafwendbaar – die spanning neem toe.
- Spanning word geskep deur die uitsteltegniek rondom die vraag: Gaan die geskiedenis van verdwynings voortgesit word?
- In *"Mis"* se verwikkeling word die uitwerking wat die konstabel op elkeen van die vroue het, getoon.
- Konstabel beïndruk die drie vrouens met sy betowerende persoonlikheid en fisiese vermoëns (skerp gehoor en reuksintuig) om hulle ouderdomme en geslag vas te stel.
- In "*Mis"* se verwikkeling raak die gehoor al meer bewus dat die konstabel nie **is** wie hy voorgee om te wees nie.
- Die **krisis** sentreer rondom die karakters en hulle behoefte aan bevryding.
- Elkeen se gesprek met die konstabel ontbloot hulle diepste verlangens. Die vraag ontstaan hoe die konstabel daarop gaan reageer en wat hy met die onthullings gaan doen.
- Gabriël se teenwoordigheid op die solder is onvoorspelbaar en die kyker/leser weet nie of en wanneer hy gaan afkom nie.
- Die **klimaks,** hoogtepunt, onvermydelike krisis in*"Mis"* vind plaas wanneer die konstabel tot 'n siende hofnar of pierrot ('n hanswors uit die Franse toneel met 'n witgemaakte gesig, wit jas en 'n puntmus) verander/transformeer.
- Die gehoor besef dat die konstabel net voorgee om hulle beskermer te wees.
- Konstabel is 'n "bevrydingsfiguur".
- Meisie verskyn kaalvoet en in haar aannemingsrok en dans onder sy betowering by die agterdeur uit en die konstabel haar in sy hofnarklere volg – hy bevry haar so.
- Meisie se transformasie van 'n skaam, onseker meisie na die fladderende, dansende vlinder kan as die **ommekeer,** wending in *"Mis"* beskou word – haar bevryding.
- Meisie lag (vir die eerste keer in die drama) en dans onder die betowering van die hofnar by die agterdeur uit.

Kommentaar op oop slot van die drama te lewer. (3 gemotiveerde feite)

- Dit is 'n oop slot, omdat dit is onseker is wat Meisie se lot werklik is, alhoewel daar genoeg suggesties gelaat word dat haar lot dieselfde is as Rienie Pieterse en Sannie Koen. Terselfdertyd is daar die moontlikheid dat dit tog nie Meisie se lot was nie.

Slot

Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot, bv. in die drama *Mis* is daar dus 'n vaste struktuur met 'n geslaagde oop slot.

[25]

OF

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from edurresourceza.com

VRAAG 16: KONTEKSVRAAG

MIS – Reza de Wet

16.1	Gertie kyk na die sirkusligggies buite. √		(1)
16.2	Sy vorm deel van die Calvinistiese skynheiligheid. √/Sy smag om daar te wees./Sy is nuuskierig.		(1)
16.3	Die sirkusruimte is vrolik en helder verlig √, terwyl die kombuis benouend/beklemmend/morbied en dof verlig is. √		(2)
16.4	Miem is dominerend/gasvry/besorgd. √ (Enige 2)		(2)
16.5	Meisie is bekommerd oor gevaar wat van buite kan kom, terwyl die gevaar eintlik alreeds binne in die huis is in die persoon van die konstabel. √√		(2)
16.6	• As streng Calvinis glo sy dat alles buite die kerk boos is. √ • Dit is geloofwaardig, want Miem is besonders eng/konserwatief. √ • Die uiteindelike gevolg is dat sy haar dogter verloor/dat sy haar dogter wegdryf na die konstabel. √		(3)
16.7	16.7.1	Sy is gedienstig/wil hom tevrede stel. √	(1)
	16.7.2	• Gertie vind bevryding deurdat sy deur middel van Konstabel se vertelling van tant Hannie transformeer./Sy word as't ware tant Hannie wat uittrek en dans en mooi hare het en word so bevry van haar beklemmende bestaan. √ • Die bevryding is nie volledig nie √, • want Miem kom in en Gertie moet na buite vlug in haar onderklere. As sy terugkom, het sy weer haar ou klere aan en is sy weer vasgevang. √	(3)
16.8	Hy bring 'n innerlike verandering/ommekeer by die ander karakters te weeg. √		(1)
16.9	Sy wil nie vir Gertie alleen by die konstabel los nie, want sy wil Meisie aan hom afsmeer. √ Dit bring spanning, want die gehoor besef Konstabel is nie wat hy voorgee om te wees nie. √		(2)
16.10	Gabriël sit op die solder. √		(1)
16.11	Hulle verkoop sakke mis. √		(1)
16.12	• Daar kom kuier geen jongmense as gevolg van die stank nie/Meisie werk dag en nag en het geen jongmenslewe nie. √ • Meisie plant roosbome om die stank te verdryf./Sy loer na die sirkusligggies en het al weggeglip na die sirkus. √ • Die plant van die roosbome was nie suksesvol nie, want dit het nie die stank van die mis verdryf nie./Die wegglip na die sirkus en die loer na die liggies het haar in die moeilikheid laat beland en was dus nie suksesvol nie. √		(3)
16.13	Nee. √ Miem het die konstabel nie weer gesien nie, maar Meisie wel omdat sy in die geheim afgespreek het om die konstabel weer te ontmoet. √		(2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80

Downloaded from edurresourceza.com

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL: HUISTAAL 10 PUNTE

	TAAL Struktuur, logiese, vloei en aanbieding. Taal toon en styl wat in opstel gebruik word.	-Baie goeie koherente struktuur. -Uitstekende inleiding en samevatting. -Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik -Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek.	-Opstel goed gestruktureer. -Goeie inleiding en samevatting. -Maklik om argumente en gedagtegang te volg. -Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel. -Goeie aanbieding.	-Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente. -Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer. -Kan vloei van argumente volg. -Taal, toon en styl grootliks korrek.	-Sommige bewyse van struktuur. -Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie. -Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. -Paragrafering meestal korrek.	-Bewyse dat struktuur swak beplan is. -Argumente nie logies gerangskik nie. -Taalfoute is sigbaar. Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie. -Paragrafering gebrekkig	-Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente. -Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsukses-volle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks. -Paragrafering verkeerd.	-Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is. -Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie. -Taal is swak. Verkeerde taal en styl. -Paragrafering nie korrek, koherensie ontbreek.
INHOUD -Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoording en beheersing van gedig		7 80 – 100%	6 70 – 79%	5 60 – 69%	4 50 – 59%	3 40 – 49%	2 30 – 39%	1 0 – 29%
-In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken. -Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89% -Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uit gedig ondersteun word -Genre en gedig word uitstekend verstaan.	7 80 – 100%	8 – 10	7 – 7½	7 – 8				
-Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken. -Uitgebreide respons. -Reeks sterk argumente wat uit gedig ondersteun word. -Genre en gedig word baie goed verstaan.	6 70 – 79%	7 ½ – 8 ½	7 – 8	6½ – 7½	6 – 7			
-Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed. -Redelike uitgebreide respons. -Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie. -Genre en gedig word verstaan.	5 60 – 69%	7 – 8	6½ – 7½	6 – 7	5½ – 6½	5 – 6		
-Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie. -Etlike goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp. -Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend. -Genre en gedig word basies verstaan.	4 50 – 59%		6 – 7	5½ – 6½	5 – 6	4½ – 5½	4 – 5	
-Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord. -Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp. -Argumente nie oortuigend en baie min bewyse uit gedig. -Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie.	3 40 – 49%			5 – 6	4½ – 5½	4 – 5	3½ – 4½	3 – 4
-Swak begrip van onderwerp. -Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie. -Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie. -Baie swak begrip van genre en gedig.	2 30 – 39%				4 – 5	3½ – 4½	3 – 4	1 – 3½
-Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie. -Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie. -Baie swak begrip van genre en gedig.	1 0 – 29%					3 – 4	1 – 3½	0 – 3

Downloaded from eduresourceza.com

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
Let op die verskil in die puntetoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [15] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80 – 100%	Uitmuntend 12 tot 15 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 8 – 10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en afsluiting. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70 – 79%	Verdienstelik 11 punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdienstelik 7 punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyn is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60 – 69%	Beduidend 9 of 10 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50 – 59%	Voldoende 8 punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5 punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40 – 49%	Matige 6 of 7 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4 punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30 – 39%	Basiese 5 punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie/Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks	Basiese 3 punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0 – 29%	Ontoereikend 0 tot 5 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0 – 2 punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.

Downloaded from edurecourceza.com